| | |
|---|---|
| VERSLAGWAARDIG | JA/NEE |
| **SIRKULEER ONDER REGTERS** | **JA/NEE** |
| SIRKULEER ONDER LANDDROSTE | JA/NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: 261/2001***
***DATUM: 18-05-2001***

In die saak tussen:

FIRSTRAND BANK BEPERK Applikant

teen

NICOLAAS JOHANNES SAUNDERS 1ste Verweerder

MARTHA MAGDALENA SAUNDERS 2de Verweerder

INGERENE BELLEGGINGS BK 3de Verweerder

**CORAM: MAJIEDT R:**

## *R E D E S   V I R   B E V E L*

1. Ek het op 4 Mei 2001 die volgende bevel uitgereik:

> "1. DAT die verweerders se Kennisgewing van Verdediging gedateer 11 April 2001 ter syde gestel word as 'n onreëlmatige verrigting.
>
> *2. DAT vonnis verleen word teen die Eerste, Tweede en Derde Verweerders as volg:*
>
> A. ***Eerste skuldoorsaak:***

1. *Dat eerste, tweede en derde verweerders gesamentlik en afsonderlik die volgende aan die eiser betaal:*

    a) *Die bedrag van R115 119,94 met dien verstande dat tweede verweerder se aanspreeklikheid beperk is tot 'n bedrag van R60 000,00.*
    b) *Rente op die bedrag van R115 119,94 gereken teen 15,875% per jaar vanaf 31 Desember 2000 tot datum van betaling, maandeliks gekapitaliseer met dien verstande dat tweede verweerder se aanspreeklikheid vir rente beperk word tot rente op die bedrag van R60 000,00 gereken vanaf datum van dagvaarding tot datum van betaling teen 'n koers van 15,875% per jaar, maandeliks gekapitaliseer.*
    c) *Koste van geding op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt.*

B. ***Tweede skuldoorsaak:***

1. *DAT die eerste en derde verweerders gesamentlik en afsonderlik aan eiser betaal:*

*a (a) Die bedrag van R184 695,15.*
*b (b) Rente op die voormelde bedrag gereken teen*
*c 14,25% per jaar vanaf 11 Januarie 2001 tot datum van betaling.*
*(c) Koste van geding op die skaal soos tussen prokureur-en-kliënt.*

2. *DAT die eiendom bekend as ERF 2762 VRYBURG, geleë in die Vryburg Dorpsuitbreiding 13, Munisipaliteit*

*Vryburg, Afdeling Vryburg,*
*Groot: 982 vk meter*
*Uitwinbaar verklaar word.*

C. Derde skuldoorsaak:

*DAT eerste en derde verweerders gesamentlik en afsonderlik die volgende aan eiser betaal:*

1. *Die bedrag van R269 088,11 met dien verstande dat die eerste verweerder se aanspreeklikheid beperk word tot die bedrag van R100 000,00.*
2. *Rente op die bedrag van R269 088,11 gereken teen 14,25% per jaar vanaf 11 Januarie 2001 tot datum van betaling met dien verstande dat eerste verweerder se aanspreeklikheid vir die rente beperk word tot rente op die bedrag van R100 000,00 gereken teen 14,25% per jaar vanaf datum van dagvaarding tot datum van betaling.*
3. *Koste van die geding op die skaal soos tussen prokureur en kliënt, ingesluit invorderingskommissie.*
4. *Dat die eiendom:*
   *Erf 2554 Vryburg geleë in die Munisipaliteit van VRYBURG, Afdeling Vryburg,*
   *Groot 259 vk meter*

*Uitwinbaar verklaar word.*

*DAT die verweerders die koste van hierdie aansoek betaal gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander vrygeskeld te word."*

2. Die drie Verweerders versoek nou ingevolge Hofreël 49(1)(c ) redes vir daardie bevel. Hierdie is hulle.

3. Nadat dagvaarding teen die drie Verweerders uitgereik is deur die Eiser, het eersvermelde op 3 April vanjaar kennis gegee van hul voorneme om die aksie te bestry. Die aflewering van hierdie kennisgewing het die Eiser tot beswaardheid gestem en het die Eiser 'n aansoek gebring dat die gewraakte kennisgewing tersydegestel word as 'n onreëlmatige verrigting ingevolge Hofreël 30 en dat vonnis teen die Verweerders verleen word soos gevorder in die dagvaarding.

4. Die Verweerders het hul kennisgewing slegs afgelewer by die kantoor van die Griffier en nie ook by die Eiser se prokureurs van rekord se kantoor soos in Hofreël 1 vereis nie.

Hierdie aflewering stel nie behoorlike betekening daar nie;

Sien: Hofreël 19(1) saamgelees met Hofreël 1;
***Wahl v Prinswil Beleggings (Edms) Bpk*** 1984(1) SA 457(T) te 460 G-H.

5. Sodanige gebrekkige nakoming van die Hofreëls stel ook 'n onreëlmatige verrigting daar;

Sien: ***Herbstein & Van Winsen: The Civil Practice of the Supreme Court of South Africa, Van Winsen et al***, 4e uitg. te bl. 431.

6. Die Verweerders het toe op 11 April 2001 'n kennisgewing van

voorneme om te verdedig behoorlik beteken op beide die Griffier en die Eiser se prokureurs. Hulle voer aan in hul stukke ter opponering van die reël 30 – aansoek dat:

(a) die *"fout"* van 3 April nou reggestel; is hulle sluit dan ook by hul stukke in 'n eedsverklaring van ene Joël Letebele waarin verklaar word dat hy 'n fout begaan het met die aflewering van die kennisgewing op 3 April; en

(b) die liassering van die kennisgewing op 11 April 2001 was nie onreëlmatig of buitentyds nie, gegewe die bepalings vervat in Hofreël 19(5).

7. Waar só 'n gebrekkige kennisgewing gegee is, mag 'n Eiser nie bloot dit ignoreer as 'n nulliteit nie, maar moet die nodige stappe doen ingevolge Hofreël 30 om òf die onreëlmatigheid te laat korrigeer òf dit te laat tersyde te stel. In dié verband is die situasie na my mening analoog as die geval van 'n (behoorlike betekende) laat kennisgewing van voorneme om te verdedig.
Sien: ***Paterson N.O.v. Standard Bank of S.A. Ltd*** 1967(4) SA 524 (O) te 525H.
***Dalhouzie v Bruwer*** 1970(4) SA 566(K) te 569 A-F.

8. Die blote *"regstelling"* van die gebrekkige aflewering van die kennisgewing van 3 April deur die behoorlike aflewering van die

kennisgewing van 11 April veroorsaak nie na my mening dat die eersvermelde stap bloot verdwyn nie. Die Verweerders was, myns insiens, verplig om hierdie Hof te nader vir kondonasie van hierdie gebrekkige nakoming van die Reëls.

Hulle is dan ook tweemaal skriftelik uitgenooi deur Eiser se prokureur om só 'n kondonasie aansoek tot hierdie Hof te rig, maar het Verweerders verkies om dit nie te doen nie.

9. Mnr. Saunders, die Eerste Verweerder, wat in persoon verskyn het by die aanhoor van hierdie aansoek, steun grootliks op die bepalings van Hofreël 19(5) ter opponering van die aansoek.

Hierdie submissie is misplaas.

Reel 19(5) vind toepassing slegs waar 'n <u>behoorlik betekende</u> kennisgewing buitenstyds (soos bedoel in reël 19(1)) afgelewer word.

Die onreëlmatigheid van die aflewering van die kennisgewing op 3 April kan nie deur middel van 'n geforseerde en misplaaste toepassing van reël 19(5) reggestel word nie.

10. Die Verweerders het glad nie betwis dat die eerste kennisgewing nie behoorlik beteken is nie en derhalwe 'n onreëlmatige verrigting is soos bedoel in Hofreël 30(1). Slegs 'n aansoek om kondonasie sou hierdie probleem kon ondervang. Ek kan nie anders as om met mnr. Olivier, wat vir die Eiser verskyn het, saam te stem dat aanvaar moet word dat die Verweerders uitdruklik, of ten minste by noodwendige

implikasie, afstand gedoen het van hierdie uitweg, gegewe hulle weiering om die uitnodigings te aanvaar om ‘n kondonasie aansoek te bring.

11. Ek het oorweging daaraan geskenk of ek nie in elk geval die Verweerders ‘n geleentheid behoort te bied om die onreëlmatigheid reg te stel nie.

Ek het daarteen besluit vir die volgende redes:-

11.1 soos alreeds vermeld het Verweerders twee skriftelike uitnodigings in dier voege van die hand gewys;

11.2 reël 30(3) bied aan ‘n Hof ‘n diskresie oor watter gevolge ‘n onreëlmatige verrigting moet hê. Een moontlikheid is dié wat ek genoem het; ‘n ander is om die onreëlmatige verrigting tersyde te stel en vonnis by verstek te gee ten gunste van die Eiser. Ek moet uiteraard hierdie diskresie regterlik uitoefen, met inagneming van alle tersaaklike faktore en ten einde billikheid jeens beide partye na te streef;

Sien: ***Northern Assurance Co. Ltd v Somdaka*** 1960(1) SA 588(A) te 596A;

***Minister van Wet en Orde v Jacobs*** 1999(1) SA 944(O) te 958F-I.

Een van die hoofoorweginge is uiteraard die kwessie van benadeling;

Sien: ***Nasionale Aartappel Koöp v Price Waterhouse Coopers Ing.*** 2001(2) SA 790(T) te 805E-G, en gesag

daar aangehaal.

In die konteks van hierdie saak meen ek daar is beslis benadeling vir die Eiser, omrede:

(i) hy nie verder kan litigeer nie – Eiser kan nie bloot die onreëlmatige kennisgewing ignoreer en aansoek doen vir verstekvonnis nie en tog kan hy ook nie 'n volgende stap neem nie, gegewe die bepalings van Hofreël 30(2)(a); en

(ii) die Verweerders op die oog af nie 'n *bona fide* verweer het tot Eiser se eis nie – vandaar moontlik hul traagheid om 'n aansoek om kondonasie te bring.

Die vereiste van 'n *bona fide* verweer lê natuurlik aan die hart van só 'n aansoek om kondonasie;

Sien: ***Dalhouzie v Bruwer,*** *supra* te 572C;

***Van Aswegen v Kruger*** 1974(3) SA 204(O).

Die Verweerders beweer bloot dat hulle ingevolge die bepalings vervat in die Woekerwet (nr. 73 van 1968) geregtig is om die eisbedrag te debatteer. Soos Mnr. Olivier tereg submitteer het moet daar alleers deur 'n Verweerder beweer word dat die Eiser die maksimumkoers van rente voorgeskryf in die Woekerwet oorskry het en voldoende feite aanvoer ter *prima facie* stawing van só 'n bewering. Dán eers kan hy aanspraak maak op debatering van die eisbedrag.

*In casu* is glad geen so 'n bewering gemaak nie en nog minder is 'n

feitebasis daarvoor gelê.
Hierdie is die enigste moontlike verweer wat geopper word in die Verweerders se stukke.

12. In ***Dalhouzie v Bruwer,*** *supra*, te 569-570 het Baker Wn.R (soos hy toe was) oorweging geskenk aan voormelde twee opsies in die uitoefening van sy diskresie.

    Op die feite van daardie saak, was die geleerde Regter tevrede dat die Verweerder aldaar nie enige verweer geopper het nie, des te minder nog 'n *bona fide* verweer (te 575C-D). Ook hier is geen verweer voorafgeskadu in Verweerders se opponerende stukke nie.

Ek het derhalwe tot die besluit gekom dat ek verstek vonnis behoort toe te staan. Die Verweerders kan hulle natuurlik nog wend tot Hofreël 31(2)(b) ten einde hierdie verstekvonnis tersyde gestel te kry.

S.A. MAJIEDT
REGTER